Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Alexandra Henriques**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Alexandra.Henriques@westerncape.gov.za | 021 467 2767

Lêerno.: 18/5/P
Verwysing: 20240205-1473

Inrigtingshulpbronondersteuningsminuut: 0005/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van artikel 21 gewone openbare skole

**Onderwerp: Die voordele wat die aankoop van graad 1 tot 12-handboeke deur middel van bestaande WKOD-kontrakte met uitgewers vir artikel 21-skole inhou**

1. Daar word van skole in die Wes-Kaap verwag om elke ingeskrewe leerder van 'n handboek vir elke vak te voorsien.

2. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) bied jaarliks aan alle skole die geleentheid om handboeke te bestel deur bestellings via SOBIS te plaas. Bestellings wat van skole regoor die provinsie ontvang word, sal ingesorteer en by gekontrakteerde uitgewers geplaas word vir die verskaffing en lewering van die handboeke aan skole voor die aanvang van die volgende skooljaar.

3. Dit het aan die lig gekom dat sommige artikel 21-skole nie van hierdie geleentheid gebruik maak om handboeke aan te koop nie.

4. Die doel van hierdie minuut is om artikel 21-skole in te lig van die voordele wat die aankoop van handboeke of die plaas van bestellings vir handboeke via SOBIS inhou wanneer hierdie geleentheid jaarliks gedurende Mei/Junie aan alle skole gebied word.

5. Die voordele verbonde aan die bestelling van handboeke via SOBIS is as volg:

5.1 'n Ondersoek wat die WKOD gedoen het oor die bedrae wat individuele skole betaal wanneer handboeke nie via SOBIS bestel word nie, het getoon dat hierdie skole tot 27% meer vir handboeke betaal. Deur van die gekontrakteerde uitgewers gebruik te maak, kan meer handboeke gevolglik vir dieselfde bedrag aangekoop word.

5.2 Wanneer handboeke via SOBIS bestel word, word 100% van die handboeke gedurende Oktober/November van die voorafgaande jaar by skole afgelewer.

5.3 Skole sal leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) wat deur die Departement van Basiese Onderwys (DBE) opgestel word, kan bestel. Hierdie hulpbronne word deur onderwyskundiges van regoor die land geskryf, is uiters kostedoeltreffend en kan moontlik as alternatiewe tot hoofstroom-handboeke gebruik word.

5.4 Waar 'n skool se beskikbare norme-en-standaarde- (N&S-) befondsing vir LOOM nie voldoende is nie, sal die skool 'n kwotasie kan aanvra om vas te stel hoeveel bykomende fondse nodig is om al die handboeke wat benodig word, aan te koop. Reëlings kan getref word sodat die skool die bykomende fondse in die WKOD se bankrekening kan inbetaal, waarna die bestelling by die gekontrakteerde uitgewer geplaas sal word.

6. Daar kan met die volgende persone in verbinding getree word rakende die praktiese aspekte rakende betalings aan die WKOD ten opsigte van die koste vir handboeke wat die beskikbare N&S-befondsing vir LOOM oorskry, asook om meer inligting oor die beskikbare DBO-hulpbronne te kry:

| Kontakpersoon | E-posadres | Tel. |
|---|---|---|
| Zandre Kleinschmidt | Zandre.Kleinschmidt@westerncape.gov.za | 021 467 2354 |
| Alexandra Henriques | Alexandra.Henriques@westerncape.gov.za | 021 467 2767 |
| Brian Le Keur | Brian.Lekeur@westerncape.gov.za | 021 467 2094 |

7. Artikel 21-skole word hiermee aangemoedig om die bogenoemde voordele te oorweeg, die nodige navrae te rig en om betyds te besluit of hulle van hierdie geleentheid gebruik wil maak om hul handboeke aan die hand van bestaande WKOD-kontrakte met uitgewers via SOBIS te bestel.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2024-02-19